NG Kerk Bloubergstrand

Tel: 021 554 1290
Faks: 086 591 5147
ngkblouberg@mweb.co.za
www.ngkbloubergstrand.co.za

NG Kerk Bloubergstrand
ABSA Tjek rek nr: 327 014 0539
Takkode: 334409
Snapscan Kode

11 Maart 2018

Eredienste:

08h30: Ds Elmarie Dercksen (2 Petrus 3)- Doop
10h00: Ds Elmarie Dercksen (2 Petrus 3) *Kom drink saam koffie na die diens in die kerksaal.*
18h00: Ds Thinus Britz (Fil 2) *Kom drink saam koffie na die diens in die kerk.*

DEURKOLLEKTE: Jan Kriel Instituut – 25 Mrt 2018
PREDIKANTE AFDAG: ds. Thinus en ds. Elmarie – Maandag ds. Marietjie - Vrydag

AANDDIENS PREEKREEKS 18:00

Die Jesus-styl: nie WAT nie, HOE
11 Mrt: Nie met mag of krag nie
18 Mrt: *Serendipity*

KOOROEFENING

Hierdie week se kooroefening vind plaas op Woensdagaand 14 Maart, (nie op Dinsdag 13de) om 19h00. As jy nog wil aansluit is hierdie jou laaste kans! Navrae ds. Elmarie

KATEGETE

Ons is nog opsoek na aflos kategete vir Junior Jeug. So as jy dalk nou en dan wil help om 'n Junior Jeug klassie aan te bied, kontak asb vir ds Marietjie.

JUNIOR JEUG KALENDER

11 Mrt Lessie 10
18 Mrt Lessie 11

JUNIOR JEUG KAMP 23 – 25 MAART 2018

Alle gr 1-6e, kom kamp saam by Noordhoek! Ons het kampvorms vir almal ge-epos. As jy nie 'n vorm gekry het nie, kan jy een in die voorportaal of by jou kind se kategeet kry.

Navrae:
ds Marietjie

GESIGGIES / JUNIOR JEUG

Dis weer hierdie tyd van die jaar! Ons samel allerhande smere in vir ons Gesiggie projek.
Bring asb 'n botteltjie of blikkie Grondboontjie-botter, Fyn konfyt, Geblikte vis, Boeliebief, Nutella, Tamatiesous, Mayonaise, Milo/Warm sjokolade, Langlewe melk en eiers. Navrae: Carina Howard 082 926 6428

Nuwe Intrekkers: Kom sê "hallo" vir ons in die konsistorie na die diens. Indien jy nog nie jou lidmaatskap amptelik na ons verskuif het nie, voltooi gerus 'n lidmaatskapvorm (in die voorportaal)
Gebedsversoeke: 082 451 3312 – SMS of W*hatsapp*
Selgroepe: Marietjie Steyn 083 461 1220
Predikate eposse:
Ds Thinus: thinus@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Elmarie: elmarie@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie: marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

DOOP

Harry en Sally Steyn doop hul baba Hermanus Jurgens Steyn (gebore 23 Oktober 2017)
Baie geluk!

"HEILDRONK OP DIE LEWE" SEMINAAR 13-14 April

Dr. Danie du Toit (wat ons 'n paar jaar gelede tydens Pinkster leer ken het) gaan 'n seminaar aanbied "Heildronk op die lewe" wat gebaseer is op Filippense. Koste is R200 per persoon. Navrae Elana Wessels 084 454 1540 of ds Thinus 082 603 5508.

KOSPAKKIES

Kospakkies word op 'n weeklikse basis aan behoeftige mense uitgedeel. Gedurende die wintermaande is die nood altyd groter, aangesien mense siek word, en om die honger te stil maak dit die situasie draagliker.

Inhoud:
2,5kg mieliemeel;
3 blikkies gemengde groente of sousbone;
3 pakkies soja (soy mince);
1 sakkie droë bone;
4 pakkies soppoeier

Navrae: Annemarie Grundling
082 818 6991

ECHO ETES

Elke tweede Donderdag eet die Echo gemeenskappe van Table View en Durbanville saam by die Table View Echo-huis. Ons is op soek na vrywilligers wat bereid sal wees om vir 15 mense kos te maak en af te lewer by die huis in Table View. Daar eet seker so 30 mense saam, maar hoe meer vrywilligers ons het, hoe minder hoef julle kos te maak. Ons sou julle ook finansieel kon vergoed indien nodig. As jy vrae het of wil help, kontak asb. vir Marietjie by 083 461 1220 of marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

TEESKINKERS

Ons maak gebruik van vrywilligers om te help by gedenkdienste om tee te skink. Ons wil graag vra dat as jy bedags beskikbaar is en graag wil help, kontak asb die kerkkantoor by 021 554 1290.

BMD (Bloubergstrand Maatskaplike Dienste): 'n Nuwe jaar bring altyd nuwe geleenthede en daarom kan mens oor 'n nuwe seisoen opgewonde voel. Hoe gaan jy voordeel daaruit trek dat 2018 met 'n skoon bladsy vir jou begin het? Dalk een wat gevul kan word met jou drome en doelwitte of tyd vir 'n nuwe ervaring?
By BMD beywer ons onsself daarvoor om mense toe te rus met nuwe geleenthede.
Maak met ons kontak indien jy betrokke wil raak by een van ons vele projekte of 'n persoonlike verandering wil aanbring.
Thamar Jacobs (thamar@ngkbloubergstrand.co.za) / 021 5543268

PREEKBEURTE

T – Thinus Britz E – Elmarie Dercksen M – Marietjie Steyn

	08h30	10h00	18h00	Opmerkings
18/03/2018	T	T	M	
25/03/2018	T	T	E	Paassangdiens 10:00; Deurkollekte:Jan Kriel Instituut; Jnr Kamp
30/03/2018	E	E	-	Goeie Vrydag Nagmaal 08:30 & 10:00
01/04/2018	T	T	E	Paasfees; Doop 10:00
08/04/2018	M	M	T	